Die idee is dat die kinders in so 'n geval hulleself dan aantrek soos Trekkers met baarde, voortrekkerklere, sannas, kappies, pype, ens. Daar word 'n vuur gemaak, koffie en melk gedrink, wors gebraai, gejag, brandwag gespeel, boereliedjies gesing en speletjies soos jukskei, ens., gespeel.

Dit is 'n halfdag van vrye dramatisering en belewing van die Voortrekkerlewe in die opelug. Die kinders geniet die uitstappie en omdat hulle so Voortrekkers speel, steun dit die tema en bied dit weer baie stof vir verwerking in opstelle en handwerk soos dit voortvloei uit die belewing.

## 'N SUGGESTIE OM GESKIEDENIS IN STANDERDS 9 EN 10 TE LAAT HERLEEF

deur

J. P. OLIVIER

DIT is reeds 'n gemeenplaas dat geskiedenis as studievak in sts. 9 en 10 aan die uitsterf is. As in aanmerking geneem word dat met die uittog van geskiedenis een van die heerlikste kultuurvakke van die st. 10-toneel sal verdwyn, behoort elke denkende onderwyser te besef dat die tyd aangebreek het om die hand aan die ploeg te slaan en te probeer voorkom dat so 'n ramp ons opvoeding tref.

Vir jare was geskiedenis 'n verpligte vak tot st. 10. Dat dit nog altyd 'n vak was waarvoor sowel leerlinge as onderwysers min sinnigheid gehad het, ly g'n twyfel nie. Trouens alle onderwysers wat in voeling met hul leerlinge is, weet dat min vakke soveel studietyd verg as geskiedenis en dat ten spyte daarvan kandidate in die st. 10-eksamen loshand swakste in dié vak vaar.

Dit is dan ook te begrype dat toe skole enige jare gelede ooreenkomstig die differensiasiebeleid van die Departement, biologie, aardrykskunde, houtwerk, ens., as keusevakke i.p.v. geskiedenis aangebied het, die doodsklok van die vak stadig begin lui het.

Die renons wat die deursnee-leerling in die st. 10-geskiedenisleerplan het, moet o.a. gewyt word aan

(1) 'n verkapte leerplan wat grotendeels in die lug hang en wat die leerling nie in staat stel om hom te oriënteer t.o.v. die herkoms en ontwikkeling van die westerling nie;

(2) die feit dat so 'n magdom van onnodige feite en datums gememoriseer moet word om by benadering in staat te wees om vrae van 'n onbekende eksaminator te kan beantwoord, ten gevolge waarvan leerlinge die vak begin wantrou;

(3) die onmoontlike taak van die onderwyser om te weet wat die eksaminator as belangrik beskou;

(4) die afwesigheid in die leerplan van die essensie van die geskiedenis t.w. die geleentheid om by die studie van geskiedenis breë rigtings en strominge te sien en om die werking van oorsaak en gevolg te kan verstaan;

(5) die sieldodende herhaling van feite uit die vaderlandse geskiedenis sommige waarmee leerlinge in sts. 2 en 3 reeds kennis gemaak het en sedertdien tot vervelens toe aangehoor het;

(6) die negering in die leerplan van die interessantste deel van wêreldgeskiedenis nl. die fenomenale vordering wat die wetenskap en tegniek in die laaste 25 jaar gemaak het, en die geweldige invloed wat dit op die ontwikkeling van die mensdom uitgeoefen het.

Wat moet nou in die plek van die huidige sts. 9- en 10-leerplan gestel word om geskiedenis die boeiende vak te maak wat dit in werklikheid is?

Ek wil aan die hand doen 'n leerplan wat die geskiedenis van die mensdom sal behels vanaf die vroegste tyd tot vandag met dien verstande dat die opstellers van die leerplan hul op 'n Europese standpunt sal stel d.w.s. 'n leerplan voorskryf wat die geskiedenis van slegs die volke sal omvat wat 'n invloed op die geskiedenis van Europa uitgeoefen het.

Die verhaal sal begin met die voorgeskiedenis en dan liggies maar teen 'n snelle tempo loop deur Egipte, Mesepotamië, Fenisië, Palestina, Griekeland, Rome, die Middeleeue, die Renaissance, die Hervorming, die ontdekkingsreise, die Franse Rewolusie, die opkoms van die Europese ryke, die Eerste en Tweede Wêreldoorlog.

Die leerplan moet afgesluit word met 'n saaklike oorsig oor die ontwikkeling op die gebied van die wetenskap en tegniek sedert die Eerste wêreldoorlog en die ingrypende invloed wat dit op die mensdom uitgeoefen het.

Die geskiedenis van Suid-Afrika sal natuurlik deel uitmaak van die voorgestelde geskiedenis-siklus. Trouens dit is nie moontlik om Suid-Afrikaanse geskiedenis as 'n geïsoleerde eenheid te beskou nie, want in hoofsaak is dit intiem verbonde aan die geskiedenis van die westerse wêreld.

Die voordele van 'n leerplan, soos hier aan die hand gedoen, is:

(1) dit kom ooreen met die leerplanne waarmee die studie van geskiedenis in die hoërskole van 'n hele aantal Europese lande afgesluit word;

(2) die opleiding van die oorgrote meerderheid van leerlinge wat hulle studies na st. 8 voortsit, word daar afgesluit om welke rede dit

noodsaaklik is dat aan hulle 'n geskiedkundige perspektief van die westerse wêreld gegee word voordat hul die lewe ingaan;

(3) die groepie matrikulante wat voornemens is om hul studies aan 'n universiteit voort te sit, sal langs die weg die geskiedkundige agtergrond hê wat onmisbaar is om 'n kursus in filosofie, wet, opvoeding, teologie, ens., te volg;

(4) daar so 'n kursus volgepak is met aksie, oorborrel van lewe en omdat prestasie en ontwikkeling hoofsaaklik daarin beklemtoon word, sal dit pragtig aanpas by die geestesontwikkeling van 'n opgroeiende seun of dogter;

(5) dit sal die leerlinge se smaak vir en belangstelling in geskiedenis aanwakker.

Dit spreek vanself dat om so 'n leerplan by 'n tweejarige-kursus te laat inpas, dit baie oorsigtelik behandel moet word en dat meer klem gelê moet word op geskiedkundige rigtings en strominge as op feite.

Op die vraag of die voorgestelde leerplan in die smaak van st. 10-leerlinge sal val, kan 'n afdoende antwoord nie gegee word alvorens dit uitgetoets is nie. Tog is ek daarvan oortuig dat hierdie leerplan by leerlinge meer byval sal vind as die huidige.

Trouens in st. 6 word 'n verdunde leerplan van westerse wêreldgeskiedenis vir jare reeds aangebied, en talle kere het leerlinge my verseker dat hul daardie geskiedenis besonder interessant vind. Onlangs toe ek 'n st. 6-leerling vra waarom geskiedenis vir haar 'n aangename vak is, het sy sonder om te aarsel, geantwoord dat sy daarvan hou omdat dit 'n storie vertel. Dit, vermoed ek, sal ook die reaksie van 'n st. 10-leerling wees om die voorgestelde leerplan wat soos 'n pakkende verhaal sy verbeelding sal aangryp, in teenstelling met die pynigende swoeë wat hy tans moet verduur om honderde losstaande droë en minderbelangrike feite en datums i.v.m. die huidige leerplan onder die knie te probeer kry.

## GELOOF IN HULLE LEWE

deur

DRS. J. L. DU PLOOY, M.A., M.Ed.

TWEE skoolvakke wat hulle maklik vir korrelasie leen, is die Gewyde en die gewone Geskiedenis. In albei word van die lotgevalle van enkelinge en van volkere verhaal. In albei val die klem op die doen en late van mense wat binne die volksverband om sekere ideale gestry het, nie om persoonlike gewin nie, maar veral tot voordeel van hulle volksgenote en hulle nageslag. Wat hoofsaaklik daarin opgemerk word, is die Al-bestierende hand van God in die wêreldgebeure.